

GOEWERMENTSKENNISGEWING
DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

No 795

.....8 Augustus 2005

WET OP HOËR ONDERWYS, 1997

STATUUT VAN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT

Die Raad van Noordwes Universiteit¹ het hierdie Statuut opgestel soos uiteengesit in die Bylae hierby, in ooreenstemming met artikel 32 van die Wet op Hoër Onderwys (Wet No. 101 van 1997), soos gewysig, en dit word hiermee ingevolge die bepalings van die genoemde Wet met die goedkeuring van die Minister van Onderwys gepubliseer, en tree in werking op die datum waarop dit gepubliseer word.

¹ Tot stand gebring as die Noordwes Universiteit, sien Staatskoerant No. 25737, Goewermentskennisgewing No. 1689 van 14 November 2004

BYLAE

Om 'n Statuut vir die Noordwes Universiteit in te stel ten einde uitvoering te gee aan die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997) en om die doeltreffende bestuur van die Universiteit te bevorder ten opsigte van aangeleenthede wat nie uitdruklik deur enige wet voorgeskryf word nie.

AANHEF

AANGESIEN DAAR 'N UNIVERSITEIT IS MET SY SETEL TE POTCHEFSTROOM

—

wat tot stand gekom het deur die samesmelting van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys en die University of North West en deur die inkorporering van die personeel en studente van die Sebokengkampus van die Vista-Universiteit, by wyse van 'n Kennisgewing van Samesmelting en Kennisgewing van Inkorporering uitgereik deur die Minister van Onderwys kragtens Artikel 23(1) en 24 van die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No 101 van 1997), soos gewysig;

EN AANGESIEN ALBEI DIE VOORMALIGE UNIVERSITEITE

- na 1994 deel geword het van die enkele gekoördineerde hoërondwysstelsel van die Republiek van Suid-Afrika;
- verbind was tot die suksesvolle herstrukturering van die hoërondwysstelsel in Suid-Afrika;
- verbind was tot die handhawing van die waardes vervat in die Grondwet;

EN AANGESIEN HIERDIE NOORDWES UNIVERSITEIT GLO IN DIE WENSLIKHEID VAN

DIE TE BOWE KOM van die gaping tussen 'n histories wit en 'n histories swart instelling wat deur apartheid veroorsaak is;

DIE BEVORDERING van 'n billik saamgestelde personeel- en studentekorps;

DIE MOONTLIK MAAK van die ontwikkeling en voorsiening van 'n breër en omvattender verskeidenheid van beroepsgerigte, professionele en algemene programme in ooreenstemming met streeks- en nasionale behoeftes;

DIE BOU van administratiewe, bestuurs-, beheer-, akademiese en navorsingskapasiteit;

DIE VERBETERING van volhoubaarheid deur 'n toename in grootte; en

DIE VERSEKERING van doeltreffende bestuur van die Universiteit,

IS DIE NOORDWES UNIVERSITEIT NOU

- 'n unitêre multikampusinstelling;
- met 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde;
- gedrewe deur 'n enkele stel grondwetlik gebaseerde waardes, in die besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid;
- met 'n visie en missie om eenheid in verskeidenheid te bevorder deur verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe en geloofstelsels te kweek ten einde sodoende 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en gemeenskapsdiens te verseker;
- wat sy eie korporatiewe handelsnaam en identiteit ontwikkel; en
- wat 'n unieke institusionele kultuur en etos ontwikkel, gegrond op die eenheid en waardestelsel van die Universiteit.

DAAROM MAAK DIE RAAD VAN DIE NOORDWES UNIVERSITEIT beleid en stel reëls, prosedures en meganismes in plek om die doeltreffende bestuur van die Universiteit deur hierdie Statuut te verseker.

ORDENING VAN STATUUT No.2005

HOOFSTUK 1

OMSKRYWING EN VERTOLKING	8
Omskrywings.....	8

HOOFSTUK 2

BEHEERSTRUKTURE EN ANDER STRUKTURE VAN DIE UNIVERSITEIT

RAAD	11
Funksies.....	11
Samestelling en lidmaatskap	12
Voorsitter en ondervoorsitter	15
Uitvoerende komitee en ander komitees van die raad	15
Vergaderings	16
Kworum.....	16
Vergaderingsprosedure.....	16
Lid van raad in senaat	19
SENAAT EN VASTE KOMITEES VAN DIE SENAAT	20
Funksies.....	20
Samestelling en lidmaatskap	20
Vergaderings	22
Kworum.....	23
Vergaderingsprosedure.....	23
Lede van senaat in raad	24
Vaste komitees van die Senaat.....	24
Samestelling en lidmaatskap	25
Uitvoerende komitee van die senaat	25
FAKULTEITSRADE.....	26
Samestelling en vergaderings	26
Werkzaamhede en funksies	27
AFDELINGS EN KOMITEES.....	27
Totstandbrenging van afdelings en komitees	27
FORUM	27
Naam en samestelling	27

Funksies.....	29
Komitees en substrukture.....	30
Reëls van forum	30
Administrasie en bedryfskoste.....	31
IVSR EN KAMPUS-VSR'e.....	31
Erkenning en grondwet	31
Werkzaamhede en funksies	32
Samestelling en lidmaatskap van verteenwoordigende studenterade	33
Beëindiging van lidmaatskap van die IVSR of kampus-VSR	34
KONVOKASIE EN ALUMNIVERENIGING	35
Doel en struktuur van die konvokasie	35
Doelstellings van die konvokasie.....	35
Lidmaatskap en stemreg.....	36
President en uitvoerende komitee.....	37
Vergaderings	37
Verkiezing van raadslede	38
Alumnivereniging van die Noordwes Univeriteit.....	39
Erkenning, grondwet en lidmaatskap	39
SKENKERS	40
Erkenning en lys	40
Verkiezing van lid van raad.....	41

HOOFSTUK 3

AMPSDRAERS VAN UNIVERSITEIT

KANSELIER	41
Ontruiming van amp	43
Vul van vakature.....	43
WISEKANSELIER	43
Ampspligte.....	43
Voorvereistes	44
Aanstelling.....	44
Ampstermyn	44
Ontruiming van amp	44
Vul van vakature.....	45

Waarnemende visekanselier	45
ADJUNKHOOF	45
Ampspligte.....	45
Aanstelling, ampstermyn, ontruiming van amp en vul van vakatures.....	46
KAMPUSREKTORE	46
Ampspligte.....	46
Aanstelling, ampstermyn, ontruiming van amp en vul van vakatures.....	46
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR EN INSTITUSIONELE DIREKTEURE	47
Ampspligte.....	47
Aanstelling.....	48
KAMPUSVISEREKTORE.....	48
Ampspligte.....	48
Aanstelling.....	48
KAMPUSREGISTRATEURS EN KAMPUSDIREKTEURE	49
Ampspligte.....	49
Aanstelling.....	49
DEKANE	49
Dekane	49
Verantwoordelikheid.....	50
AKADEMIESE DIREKTEURE.....	50
Akademiese direkteure.....	50
Verantwoordelikheid.....	51
INSTITUSIONELE BESTUURSKOMITEE	51
Funksies.....	51
Samestelling en vergaderings	51
KAMPUSBESTUURSKOMITEES	52
Funksies.....	52
Samestelling en vergaderings	52

HOOFTUK 4

PERSONEEL.....	52
Aanstelling.....	52
Vergoeding	53
Evaluerings.....	53

Tug.....	53
Vakbonde.....	53

HOOFSTUK 5

STUDENTE EN KWALIFIKASIES	54
STUDENTE.....	54
Toelating en registrasie.....	54
TUG.....	54
Tug op studentevlak	54
Oortredings.....	55
Tugliggame	55
Tugprosedures	56
Strawwe.....	56
Appèl	56
KWALIFIKASIES.....	56
Vereistes	56
Toekenning	57
Eregrade.....	59

HOOFSTUK 6

ALGEMEEN	60
Reëls.....	60
Oorgangsbepalings	60
Wysiging van Statuut.....	
Herroeping van Statute van krag voor samesmelting	

HOOFSTUK 1

OMSKRYWING EN VERTOLKING

Omskrywings

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Statuut –
 - (i) "adjunkhoof" die persoon in paragraaf 55 bedoel; (xxxi)
 - (ii) "akademiese personeel" enige personeellid aangestel as 'n professor, senior dosent, dosent of junior dosent, of soos andersins deur die raad aangedui, hoofsaaklik om take betreffende die kerntake van die Universiteit naamlik onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid uit te voer; (i)
 - (iii) "alumni" alle persone wat grade of diplomas aan die Universiteit of die voorgangers daarvan verwerf het; (iii)
 - (iv) "bestuur" die personeellede van die Universiteit aangedui in paragraaf 69 en 71; (xix)
 - (v) "bestuurskomitee" die komitee op 'n institusionele of kampusvlak waarna in paragraaf 70 en 72 verwys word en beteken, vir die doel van artikel 31(1)(a)(iii) en 31(2)(a) van die Wet, senior bestuur sowel as bestuur soos deur die raad bepaal; (xx)
 - (vi) "dekaan" 'n persoon aangestel ooreenkomstig paragraaf 65 en 66; (xii)
 - (vii) "direkteur" 'n persoon aangestel ooreenkomstig paragraaf 59, 63 en 67 om spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies in 'n akademiese of ondersteuningsafdeling van die Universiteit uit te voer, op die institusionele of kampusvlak en in 'n spesifieke kategorie ooreenkomstig die personeelbeleid van die Universiteit; (xiii)
 - (viii) "fakulteit" 'n beplande tros leerprogramme, kwalifikasies, leerplanne of modules wat so in 'n tros saamgevoeg is vir die doeleindes van doeltreffende bestuur en die verbetering van die gehalte van die

akademiese programme van die Universiteit, en dit sluit die personeel in wat aangestel is om die take met betrekking tot die werk in die fakulteit uit te voer; (xv)

- (ix) "fakulteitsraad" 'n fakulteitsraad of ander komitee wat kragtens paragraaf 21 ingestel is; (xvi)
- (x) "forum" die institusionele forum van die Universiteit wat deur die raad ingestel is ingevolge artikel 26(2(f)) van die Wet en soos in paragraaf 24 bedoel; (xvii)
- (xi) "Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), soos gewysig; (ix)
- (xii) "IVSR" die struktuur wat deur die Raad ingevolge artikel 26(2(e)) van die Wet en paragraaf 29 ingestel is; (xviii)
- (xiii) "kampus", behoudens artikel 64A van die Wet, 'n plek waar permanente personeel en voltydse studente bymekaarkom of woon en by onderrig-leer of navorsing betrokke is; (iv)
- (xiv) "kampusregistrator" die registrator van 'n gespesifiseerde kampus van die Universiteit soos in paragraaf 63 bedoel; (vi)
- (xv) "kampusrektor" die hoof van 'n gespesifiseerde kampus van die Universiteit soos in paragraaf 57 bedoel; (v)
- (xvi) "kampusviserektor" die viserektor van 'n gespesifiseerde kampus van die Universiteit soos in paragraaf 61 bedoel; (viii)
- (xvii) "kampus-VSR" 'n komitee van studente van 'n gespesifiseerde kampus van die Universiteit soos in paragraaf 30(2) bedoel; (vii)
- (xviii) "konvokasie" 'n struktuur wat kragtens artikel 26(2(g)) van die Wet tot stand gebring is en is dit die liggaam van die alumni van die Universiteit soos in paragraaf 33 en 34 bedoel; (x)
- (xix) "kwalifikasies", behoudens toepaslike gehalteversekeringswette, die grade, diplomas en sertifikate wat vir die Universiteit

goedgekeur, geakkrediteer en geregistreer is of wat die Universiteit besluit het om aan te bied en toe te ken; (xxi)

- (xx) "ondersteuningspersoneel" alle personeel uitgesonderd akademiese personeel; (xxviii)
- (xxi) "personeel" die werknemers van die Universiteit in paragraaf 73 bedoel, hetsy aangestel op 'n permanente, tydelike of termyngrondslag, en sluit akademiese personeel (subparagraaf (ii)) en ondersteuningspersoneel (subparagraaf (xx)) in; (xxvi)
- (xxii) "raad" die raad ingestel ingevolge artikel 26(2)(a) van die Wet en saamgestel ingevolge artikel 27(4) van die Wet en paragraaf 4; (xi)
- (xxiii) "Reëls" die institusionele reëls afgekondig deur die Universiteitsraad kragtens artikel 32(1)(b) van die Wet; (xxiii)
- (xxiv) "registrateur" die personeellid aangestel deur die raad ingevolge artikel 26(4(b)) van die Wet en aangedui in paragraaf 59; (xxii)
- (xxv) "senaat" die struktuur ingestel ingevolge artikel 26(2(b)) van die Wet en aangedui in paragraaf 11; (xxiv)
- (xxvi) "senior bestuur", vir die doel van artikel 31(1)(a)(iii) van die Wet die lede van die bestuurskomitee ingevolge paragraaf 70(1); (xxv)
- (xxvii) "skenker" enige persoon, met inbegrip van 'n individu of groep korporatiewe maatskaplike investeerders, wat 'n beduidende finansiële of *in natura*-bydrae tot die bevordering van die missie van die Universiteit maak, en wat as sodanig deur die raad erken word; (xiv)
- (xxviii) "student" 'n leerder geregistreer vir 'n program van die Universiteit wat lei tot die verwerwing van 'n kwalifikasie; (xxvii)
- (xxix) "Universiteit" die Noordwes Universiteit, en hierdie naam moet, indien toepaslik, vertaal en vir amptelike sowel as nie-amptelike

doeleindes gebruik word kragtens die Universiteit se beleid van veeltaligheid; (xxix)

(xxx) “visekanselier” die visekanselier bedoel in paragraaf 48, wat die hoof van die Universiteit is, soos in artikel 26(2)(c) van die Wet bedoel; (xxx)

(xxxi) “werksplekforum” 'n werksplekforum wat ingevolge artikel 80 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995), soos gewysig, tot stand gebring is; (xxxii)

(xxxii) “Wet” die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997), soos gewysig. (ii)

Vertolking en toepassing

2. Hierdie Statuut word vertolk en toegepas in die gees van en behoudens die bepalinge van die Grondwet en die Wet.

HOOFSTUK 2

BEHEERSTRUKTURE EN ANDER STRUKTURE VAN DIE UNIVERSITEIT RAAD

Funksies

3. (1) Die raad beheer die Universiteit ingevolge Hoofstuk 4 van die Wet, die Regulasies en Beleid afgekondig ingevolge die Wet, die Statuut en die Reëls, met inbegrip van, ten minste, die aanvaarding van doelstellings en waardestellings, sowel as strategiese planne, die bepaling van beleid, die opstel van die Statuut, die Reëls, die prosesse, die gesagsdelegerings, die monitering van bedryfsprestasie en bestuur, en die aanstelling van komitees en, tesame met die senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die Universiteit sy doel en waardes verwesenlik.
- (2) Die raad, behoudens die beleid deur die Minister bepaal, met die instemming van die Senaat, bepaal ingevolge artikel 27(2) van die Wet die taalbeleid van die Universiteit, wat buigsaam en funksioneel moet wees,

taalwanbalanse van die verlede moet regstel en meertaligheid, toegang, integrasie en 'n sin van tuishoort sal bevorder, publiseer dit en stel dit op versoek beskikbaar.

(3) Die raad, na oorleg met die IVSR, stel die struktuur in ooreenkomstig die Reëls en artikel 27(3) van die Wet om die Raad te adviseer rakende die verskaffing van studenteondersteuningsdienste by die Universiteit.

(4) Die raad is by magte om 'n gedragskode op te stel en van lede te vereis om daarby te hou asook om lede te skors, dissiplinêre stappe te doen of 'n lid se lidmaatskap te beëindig;

(5) Die raad is by magte om die bevoegdheid om personeellede aan te stel soos in paragraaf 73 bedoel en soos in artikel 62(1), 64(1), 65(1) en 67(1) bepaal te delegeer: met dien verstande dat niemand gemagtig is om 'n persoon aan te stel wat regstreeks aan sodanige persoon rapporteer nie.

Samestelling en lidmaatskap

4. (1) Ten einde uitvoering aan artikel 27 van die Wet te gee, in die besonder dat minstens 60% van die lede van die raad nie in diens of studente van die Universiteit moet wees nie, en dat lede persone moet wees met kennis en ervaring wat toepaslik vir die Universiteit is en in die beste belang van die Universiteit aan die oorlegplegings van die raad moet deelneem, met dien verstande dat die nodige sensitiwiteit vir ras en geslag aan die dag gelê word en dat geen persoon in meer as een hoedanigheid in die Raad dien nie, bestaan die Raad uit –

- (a) die visekanselier;
- (b) die adjunkhoof;
- (c) vier persone wat deur die senaat uit eie geledere verkies word, ooreenkomstig paragraaf 10;

- (d) twee persone wat deur die akademiese werknemers van die Universiteit uit eie geledere verkies word, ooreenkomstig die Reëls;
- (e) twee persone wat deur die werkplekforum van die Universiteit uit eie geledere aangewys is en, indien 'n werkplekforum nie erken is nie, sodanige persoon wat deur die ondersteuningspersoneel van die Universiteit uit eie geledere aangewys is, ooreenkomstig die Reëls;
- (f) twee studente wat ooreenkomstig die IVSR-grondwet deur die IVSR verkies is;
- (g) vier persone wat deur die Minister van Onderwys aangestel is;
- (h) vier persone wat ooreenkomstig paragraaf 41 deur die skenkers van die Universiteit verkies is;
- (i) vier persone wat ooreenkomstig paragraaf 38 deur die konvokasie van die Universiteit uit hul geledere aangewys is;
- (j) vier persone wat ooreenkomstig die Reëls uit die geledere van die Universiteit se gemeenskapsleiers aangewys is;
- (k) twee lede van buite die Universiteit wat deur die Raad vir hul spesifieke kundigheid aangewys is.

(2) Die ampstermyn van lede bedoel in subparagraaf (1)(c), (d), (e), (g), (h), (i), (j) en (k) is drie jaar vanaf die datum van hul verkiesing, aanwysing of aanstelling, met dien verstande dat 'n sekere getal lede jaarliks moet uittree, welke persone of kategorieë persone deur die Raad kragtens die Reëls bepaal word.

(3) Die ampstermyn van lede bedoel in subparagraaf 1(f) is nie langer as een jaar nie.

(4) 'n Persoon wie se lidmaatskap deur tydsverloop verval het, kwalifiseer vir herverkiesing, heraanwysing of heraanstelling.

(5) Lidmaatskap van die raad word beëindig indien die betrokke lid –

- (a) skriftelik by die voorsitter van die raad bedank;
- (b) van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die raad afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied en deur die raad aanvaar is;
- (c) deur 'n hof insolvent verklaar word;
- (d) deur 'n geregshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat, volgens die oordeel van die raad, van so 'n ernstige aard is dat dit nie gewens is dat sodanige lidmaatskap behoort voort te duur nie;
- (e) onbekwaam word om die ampspligte van 'n raadslid te vervul;
- (f) 'n lid is kragtens paragraaf 4(1)(c), (d), (e), (f), (h) of (i) en ophou om 'n lid te wees van die liggaam wat die persoon aangewys of verkies het; en
- (g) tydens dissiplinêre optrede teen die lid deur die raad skuldig bevind word aan onbetaamlike of wanordelike gedrag.

(6) Minstens drie maande voor verstryking van die ampstermyn van 'n lid, of indien lidmaatskap van 'n lid van die raad om enige rede voor verstryking van die betrokke ampstermyn beëindig word, gee die sekretaris van die raad skriftelik aan die raad en aan die liggaam of persoon wat die lid aangestel, verkies of aangewys het kennis van die vakature.

(7) 'n Nuwe lid van die Raad, wat verkies is in 'n vakature wat voor verstryking van die betrokke ampstermyn ontstaan het, word vir 'n nuwe volledige termyn van die betrokke amp verkies of aangewys.

Voorsitter en ondervoorsitter

5. (1) Die raad kies by wyse van geheime stemming 'n voorsitter en ondervoorsitter uit die geledere van die lede bedoel in paragraaf 4(1)(g) tot (k).
- (2) Die voorsitter en ondervoorsitter beklee hul onderskeie ampte vir 'n termyn van drie jaar.
- (3) Indien die amp van die voorsitter of ondervoorsitter as gevolg van tydsverloop vakant raak, gee die sekretaris van die raad op die voorlaaste vergadering van die raad gedurende die betrokke ampstermyn daarvan kennis, en kies die raad op die daaropvolgende gewone vergadering 'n opvolger.
- (4) Indien die amp van voorsitter of ondervoorsitter om enige ander rede as tydsverloop vakant raak, stel die sekretaris van die raad elke lid van die raad skriftelik daarvan in kennis, en kies die raad op die eersvolgende vergadering 'n opvolger.

Uitvoerende komitee en ander komitees van die raad

6. (1) Daar moet 'n uitvoerende komitee van die raad wees wat bestaan uit die voorsitter van die raad as voorsitter van die uitvoerende komitee, die ondervoorsitter van die raad, die visekanselier, die adjunkhoof en twee ander lede van die raad wat nie personeel of studente van die Universiteit is nie.
- (2) Drie ander lede van die raad word as sekonduslede vir enige van die lede van die uitvoerende komitee van die raad genomineer en in die afwesigheid van sodanige lede tree die sekonduslede as lede van die uitvoerende komitee van die raad op.
- (3) Die uitvoerende komitee van die raad kan dringende sake namens die raad afhandel, maar aldus afgehandelde sake moet by die eersvolgende vergadering van die raad bekragtig of hersien word.

(4) Die raad kan sodanige ander komitees aanstel wat nodig is vir die raad om sy funksies uit te voer, en kan gesamentlike komitees aanstel met die senaat of met sodanige ander strukture binne die Universiteit wat die raad toepaslik vind.

Vergaderings

7. (1) Die raad vergader minstens een keer per semester op 'n plek en tyd deur die raad bepaal.
- (2) Minstens 14 dae voor die datum wat vir 'n gewone vergadering vasgestel is, stel die sekretaris van die raad elke lid skriftelik in kennis van die tyd wanneer en die plek waar die vergadering gehou sal word, en van besonderhede van alle sake wat op die vergadering behandel sal word.
- (3) Die voorsitter kan te eniger tyd 'n buitengewone vergadering belê, en moet so 'n vergadering belê indien minstens vyf lede dit met vermelding van die doel van die vergadering versoek.
- (4) 'n Institusionele direkteur of kampusrektor wat nie kragtens hierdie Statuut sitting op die raad het nie, kan op versoek van die visekanselier en met instemming deur die voorsitter die vergaderings van die raad in 'n adviserende hoedanigheid bywoon.

Kworum

8. (1) Die kworum vir 'n vergadering is een helfte van al die lede van die raad plus een.
- (2) Indien daar vir enige vergadering nie 'n kworum is nie, verdaag die vergadering tot 'n datum nie meer nie as sewe dae later, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.

Vergaderingsprosedure

9. (1) 'n Gewone vergadering begin, na die konstituering en opening daarvan, met die voorlees en bekragtiging, deur die voorsitter se handtekening, van die notule van die vorige gewone vergadering en die notules van alle buitengewone vergaderings wat daarna gehou is.

- (2) Enige beswaar teen die notule word voor die bekragtiging daarvan geopper en afgehandel.
- (3) 'n Vergadering kan die notule as gelees beskou indien 'n afskrif van die konsepsnotule vooraf aan elke lid gestuur is.
- (4) Die getal stemme ten gunste van en teen 'n voorstel word nie in die notule aangeteken nie, tensy die vergadering aldus besluit.
- (5) Nieteenstaande subparagraaf (4) kan die voorsitter op versoek van 'n lid opdrag gee dat die stem van sodanige lid aangeteken word.
- (6) Geen ander sake as dié wat in die kennisgewing van 'n buitengewone vergadering vermeld word, word op sodanige vergadering behandel nie, tensy al die aanwesige lede daartoe instem.
- (7) Kennis van enige voorstel vir oorweging moet skriftelik gegee word en moet minstens vyf dae voor die datum waarop die sekretaris van die raad kennis van die vergadering moet gee by die sekretaris van die raad ingedien word.
- (8) Geen voorstel of enige amendement daarop wat in die loop van 'n vergadering ontstaan, word behandel tensy dit gesekondeer is nie, en indien die voorsitter aldus gelas, moet sodanige voorstel of amendement skriftelik ingedien word.
- (9) Geen geldige voorstel mag sonder die verlof van die vergadering teruggetrek word nie.
- (10) 'n Lid mag nie, behalwe met die verlof van die vergadering, meer as een maal oor enige voorstel of amendement daarop praat nie, maar die inleier van 'n voorstel of 'n amendement kan die reg op repliek uitoefen.
- (11) Enige lid kan voorstel dat 'n onderwerp onder bespreking in komitee behandel word, en indien sodanige voorstel gesekondeer word, word sonder bespreking daaroor gestem.

(12) Indien die voorstel in subparagraaf (11) bedoel, aangeneem word, gaan die Raad onmiddellik in komitee, waarna 'n lid meer as een maal oor die onderwerp onder bespreking kan praat.

(13) 'n Lid van die Raad neem nie deel aan die bespreking van of stem nie oor 'n saak waarin die lid 'n regstreekse finansiële of ander belang het nie, tensy die lid eers die aard en omvang van die belang openbaar maak en die verlot van die vergadering kry om aan die bespreking deel te neem of te stem nie.

(14) Alle sake word beslis deur 'n meerderheid van die stemme wat uitgebring word.

(15) Die voorsitter het 'n gewone stem, maar moet daarbenewens 'n beslissende stem uitbring indien daar oor enige saak 'n staking van stemme is.

(16) Die voorsitter of die vergadering kan besluit dat stemming per geslote stembrief moet geskied, met dien verstande dat stemming vir mense altyd per geslote stembrief moet geskied.

(17) Die reëling van die voorsitter oor enige punt van orde is bindend en daar kan nie daarteen beswaar gemaak word nie, maar 'n punt van orde, verduideliking of inligting kan teen enige ander lid geopper word, in welke geval die reëling van die voorsitter bindend is, tensy 'n lid onmiddellik daarteen beswaar maak, in welke verdere geval die reëling sonder bespreking vir beslissing aan die vergadering voorgelê word, en die vergadering se besluit daaroor is finaal.

(18) Indien 'n meerderheid van die lede van die raad ooreenkom oor 'n aangeleentheid wat per brief of deur 'n elektroniese medium deur of namens die voorsitter na hulle verwys is, sonder om 'n vergadering te belê, en minstens twee-derdes van die lede per brief of elektroniese medium bevestig het dat hulle by die proses betrokke was om sodanige besluit te neem, is sodanige besluit gelykstaande met 'n besluit van die

raad en moet dit in die notule van die volgende vergadering opgeneem word.

(19) Die standpunte van 'n lid wat nie in staat is om 'n vergadering by te woon nie, kan skriftelik voorgelê word maar mag nie as 'n stem van sodanige lid tel nie.

(20) Behoudens paragraaf 7(4) word vergaderings van die raad slegs deur raadslede bygewoon, maar mag dit bygewoon word deur persone wat van tyd tot tyd met die toestemming van die raad deur die voorsitter genooi word.

(21) Enigiemand wat 'n vergadering bywoon en wat, nadat 'n versoek gerig is dat die persoon hom/haar moet weerhou van oneerbiedige of wanordelike gedrag wat redelikerwys verwag kan word om die vergadering te ontwrig, voortgaan om nie aan 'n reëling van die voorsitter gehoor te gee nie, moet versoek word om die vergadering te verlaat en indien daardie persoon nie die vergadering onmiddellik verlaat nie, moet sodanige persoon uit die vergadering verwyder word en kan daar, in die geval van 'n lid, ooreenkomstig paragraaf 4(5) met sodanige persoon gehandel word.

Lid van raad in senaat

10. (1) Die raad kies, in ooreenstemming met die voorskrifte van die Reëls, uit eie geledere 'n persoon wat nie in diens van die Universiteit is nie om vir 'n tydperk van twee jaar as 'n lid van die senaat te dien.

(2) Indien 'n vakature in hierdie amp deur tydsverloop of andersins ontstaan, gee die sekretaris van die raad skriftelik aan elke lid van die raad kennis daarvan.

(3) In die geval van 'n vakature wat deur tydsverloop ontstaan, kies die raad op sy laaste gewone vergadering voor die verstryking van sodanige ampstermyn 'n lid om die vakature te vul.

(4) In die geval van 'n vakature wat voor verstryking van die ampstermyn ontstaan, kies die raad op die eersvolgende vergadering 'n ander lid vir 'n tydperk van twee jaar.

SENAAT EN VASTE KOMITEES VAN DIE SENAAAT

Funksies

11. (1) Behoudens die bepalings van artikel 28 van die Wet en hierdie Statuut is die senaat verantwoordelik vir die regulering van alle onderrig-, leer-, navorsings- en akademiese ondersteuningsfunksies van die Universiteit en vir die bepaling van beleid en reëls rakende alle akademiese aangeleenthede.

(2) Die senaat moet die raad adviseer oor die vorming en herkonfigurasie van fakulteite van die Universiteit ten einde administratiewe en akademiese koherensie, doeltreffendheid en volhoubare gehalte te verseker.

(3) Enige funksie van die senaat kan by besluit aan enige lid of komitee van die senaat opgedra word, met inbegrip van enige vaste komitee van die senaat wat kragtens paragraaf 17 deur die senaat tot stand gebring is.

(4) Reëls met betrekking tot die aangeleenthede bedoel in subparagraaf (1) en (3) mag nie sonder die instemming van die senaat uitgevaardig word nie.

Samestelling en lidmaatskap

12. (1) Om uitvoering aan artikel 28 van die Wet te gee, bestaan die senaat uit –

- (a) die visekanselier;
- (b) die adjunkhoof;
- (c) die kampusrektore;

- (d) die institusionele registrateur;
 - (e) die institusionele direkteure verantwoordelik vir navorsingsondersteuning, mensehulpbronne en studentesake;
 - (f) die dekane;
 - (g) drie en dertig akademiese werknemers wat deur die akademiese werknemers in die fakulteite kragtens die Reëls verkies is;
 - (h) twee nie-akademiese werknemers wat kragtens die Reëls deur die nie-akademiese werknemers verkies is;
 - (i) vier studente wat kragtens die Reëls deur die institusionele verteenwoordigende studenteraad aangewys is;
 - (j) die voorsitter van die raad of sy/haar afgevaardigde en een ander raadslid wat kragtens paragraaf 10 deur die raad aangewys is.
 - (k) nie meer nie as vier persone wat die institusionele verantwoordelikheid vir navorsing, akademiese ondersteuning en biblioteek- en inligtingsdienste onderskeidelik dra.
 - (l) agt akademiese werknemers wat kragtens die Reëls deur die senaat op advies van die vaste komitees van die senaat gekoöpteer is om verteenwoordiging ten opsigte van die meer junior range, ras en geslag te verbeter.
- (2) Geen persoon, uitgesonderd die persone in subparagraaf (1)(f) en (g), bedoel, soos van tyd tot tyd deur 'n fakulteit besluit, mag in meer as een hoedanigheid in die senaat dien nie.
- (3) Lidmaatskap van die senaat word beëindig indien die betrokke lid –
- (a) skriftelik by die voorsitter van die senaat bedank;

- (b) van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die senaat afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid van die vergaderings aan die senaat aangebied en deur die senaat aanvaar is;
- (c) deur 'n geregshof insolvent verklaar word;
- (d) deur 'n geregshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat volgens die uitsluitlike oordeel van die senaat van so 'n ernstige aard is dat dit nie wenslik is dat sodanige lidmaatskap moet voortduur nie;
- (e) onbekwaam word om die ampspligte van 'n senaatslid te vervul;
- (f) 'n lid is kragtens paragraaf (1)(g) tot (j), en ophou om lid te wees van die liggaam wat die persoon aangewys of verkies het; of
- (g) in dissiplinêre optrede teen die lid deur die senaat skuldig bevind word aan onbetaamlike of wanordelike gedrag en lidmaatskap beëindig word.

(4) Die visekanselier is die voorsitter van die senaat, en in die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter op.

(5) In die afwesigheid van die visekanselier sowel as die adjunkhoof kies die senaat 'n voorsitter vir die vergadering uit eie geledere.

Vergaderings

13. (1) Die senaat vergader minstens een keer per semester op 'n plek en tyd wat die senaat bepaal.

(2) Minstens sewe dae voordat 'n gewone vergadering gehou word, stuur die sekretaris van die senaat aan elke lid 'n skriftelike kennisgewing met opgawe van die tyd en plek van die vergadering en die sake wat op die vergadering behandel sal word.

(3) Die voorsitter kan op enige tydstip 'n buitengewone vergadering van die senaat vir 'n spesifieke doel belê en sodanige buitengewone vergadering moet op die skriftelike versoek van minstens een-derde van al die lede van die senaat belê word.

(4) Die voorsitter het 'n gewone en 'n beslissende stem, en elke ander lid het slegs een stem.

(5) Slegs senaatslede woon senaatsvergaderings by, met dien verstande dat die visekanselier, met die instemming van die senaat, van tyd tot tyd ander persone kan nooi om 'n vergadering of vergaderings van die senaat as waarnemers by te woon.

Kworum

14. (1) Die kworum vir 'n vergadering is een helfte van al die lede van die senaat, plus een.

(2) Indien daar vir enige vergadering nie 'n kworum is nie, verdaag die vergadering tot 'n datum nie meer nie as sewe dae later, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.

Vergaderingsprosedure

15. (1) Die bepalinge van paragraaf 9 is met die nodige veranderinge op vergaderings van die senaat van toepassing.

(2) Vir die neerlê, wysiging of herroeping van Reëls waaroor die senaat gesag het, word skriftelike kennisgewing minstens veertien dae voor die betrokke vergadering en 'n meerderheidstem van driekwart van die lede wat op die vergadering teenwoordig is, vereis.

(3) Die senaat kan Reëls met betrekking tot programme, kwalifikasies, leerplanne, modules of eksamens aan die raad voorstel slegs nadat die advies of standpunt van die betrokke vaste komitee(s) van die senaat daaroor ingewin is.

Lede van senaat in raad

- 16.** (1) Die senaat kies op enige gewone vergadering by wyse van geheime stemming uit eie geledere die vier persone wat in paragraaf 4(1)(c) bedoel word as lede van die raad.
- (2) Indien 'n vakature in hierdie amp deur tydsverloop of andersins ontstaan, gee die sekretaris van die senaat kennis daarvan aan al die lede van die senaat.
- (3) Nominasie van 'n kandidaat vind skriftelik plaas, onderteken deur minstens twee lede van die senaat, en word by die sekretaris van die senaat ingedien binne tien dae nadat kennis van die vakature gegee is.
- (4) In die geval van 'n vakature wat deur tydsverloop ontstaan, kies die senaat op die laaste gewone vergadering voor die verstryking van sodanige ampstermyn 'n lid om die vakature te vul.
- (5) 'n Lid wat deur tydsverloop uittree, is vir 'n tweede termyn herkiesbaar.
- (6) In die geval van 'n vakature wat voor die verstryking van die ampstermyn ontstaan, kies die senaat op die volgende vergadering 'n nuwe lid vir 'n volle nuwe termyn.

Vaste komitees van die Senaat

- 17.** Daar is vaste komitees van die senaat, tot stand gebring deur die senaat om generiese take te vervul wat deur die senaat aan hulle opgedra word, en spesifiek om alle onderrig-, leer-, navorsings- en akademiese ondersteuningsfunksies van die Universiteit op die kampusse wat onder die gesag van sodanige vaste komitees van die senaat val te reguleer, in ooreenstemming met die beleid en prosedures rakende alle akademiese aangeleenthede en verbandhoudende studentesake van die Universiteit waarop die senaat van tyd tot tyd kan besluit.

Samestelling en lidmaatskap

- 18.** (1) Vaste komitees van die senaat word saamgestel kragtens die Reëls.
- (2) Die toepaslike kampusrektor tree op as die voorsitter van 'n vaste senaatskomitee van 'n kampus.

Vergaderings

- 19.** Die bepalings van paragraaf 13, 14 en 15 is met die nodige veranderinge op die vergaderings van vaste komitees van die senaat van toepassing.

Uitvoerende komitee van die senaat

- 20.** (1) Die uitvoerende komitee van die senaat bestaan uit die visekanselier, die adjunkhoof, die voorsitter van die raad of die lid van die raad in paragraaf 10 bedoel, die kampusrektore, dekane van die fakulteite, een lid van die senaat aangewys kragtens paragraaf 16(1), die voorsitter van die IVSR en die institusionele registrateur.
- (2) Die visekanselier kan ander lede van die institusionele bestuurskomitee nooi om 'n vergadering van die uitvoerende komitee as adviseurs by te woon.
- (3) Die visekanselier is die voorsitter van die uitvoerende komitee van die senaat en in die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter op.
- (4) Indien die visekanselier sowel as die adjunkhoof van 'n vergadering afwesig is, kies die uitvoerende komitee uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.
- (5) Wanneer die senaat nie sit nie, kan die uitvoerende komitee enige gesag of funksie van die senaat uitoefen.
- (6) Die uitvoerende komitee doen oor al hul verrigtinge aan die senaat verslag, en alle stappe wat deur die uitvoerende komitee namens die senaat gedoen word, uitgesonderd besluite met betrekking tot

personeelaangeleenthede, moet op die eersvolgende vergadering van die senaat bekragtig of hersien word.

(7) Die kworum vir 'n vergadering van die uitvoerende komitee is een helfte van al die lede daarvan plus een.

(8) Indien daar vir enige vergadering nie 'n kworum is nie, word die vergadering verdaag tot 'n datum nie meer as sewe dae later nie, op welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.

FAKULTEITSRADE

Samestelling en vergaderings

21. (1) Vir elke fakulteit is daar 'n fakulteitsraad of ander geskikte komitee wat bestaan uit die dekaan en sodanige ander persone, met inbegrip van 'n student of studente, wat kragtens die Reëls deur die senaat op aanbeveling van die lede van die fakulteit en die vaste komitee van die senaat benoem is.

(2) Die dekaan van 'n fakulteit is die voorsitter van die fakulteitsraad.

(3) In die afwesigheid van die dekaan kies die lede van die fakulteitsraad wat teenwoordig is uit eie geledere 'n voorsitter vir die betrokke vergadering.

(4) Die fakulteitsraad hou gewone vergaderings op die tye wat deur die vaste komitee van die senaat bepaal is.

(5) 'n Dekaan kan 'n buitengewone vergadering van die fakulteitsraad belê, en moet dit op die skriftelike versoek van minstens een-derde van die lede van die fakulteitsraad doen.

(6) Die kworum vir 'n vergadering is een helfte van al die lede van die fakulteitsraad plus een.

(7) Indien daar vir enige vergadering nie 'n kworum is nie, word die vergadering verdaag tot 'n datum nie meer as sewe dae later nie, op

welke vergadering die lede wat teenwoordig is 'n kworum uitmaak.

(8) Subparagraaf (2), (3), (4), (5), (6) en (7) en paragraaf 48(5) van hierdie Statuut is met die nodige veranderinge van toepassing op komitees wat kragtens subparagraaf (1) tot stand gebring is.

Wersaamhede en funksies

- 22.** 'n Fakulteitsraad adviseer die dekaan ten opsigte van alle aangeleenthede met betrekking tot 'n fakulteit rakende onderrig, leer, navorsing, akademiese steun en studente, in ooreenstemming met die beleid en reëls wat deur die senaat vasgestel is en deur die vaste komitee van die senaat vir daardie kampus toegepas word.

AFDELINGS EN KOMITEES

Totstandbrenging van afdelings en komitees

- 23.** Vir die uitvoering van akademiese werksaamhede van die Universiteit op enige plek kan die raad, op aanbeveling van die Visekanselier en na oorleg met die senaat, sodanige afdelings, vaste en ander komitees tot stand bring wat vir die bestuur van die werksaamhede van die Universiteit nodig geag word.

FORUM

Naam en samestelling

- 24.** (1) Daar is 'n institusionele forum soos in artikel 31 van die Wet bedoel, bekend as die forum van die Noordwes Universiteit, wat bestaan uit –
- (a) een lid van die raad aangewys vanuit die persone bedoel in paragraaf 31(1)(g) tot (k);
 - (b) die visekanselier of 'n ander lid van die institusionele bestuurskomitee, deur die visekanselier aangewys;
 - (c) drie lede van die senaat uit eie geledere vir 'n termyn van drie jaar verkies;

- (d) drie lede van die permanente akademiese personeel van die Universiteit vir 'n termyn van drie jaar aangewys in ooreenstemming met die bepalings van die Reëls;
 - (e) altesaam vier lede, aangewys in ooreenstemming met die Reëls, deur die vakbonde met wie die Universiteit 'n erkenningsooreenkoms gesluit het, wat vir 'n termyn van drie jaar deur die lede van die vakbonde uit die geledere van die personeel van die Universiteit aangewys is;
 - (f) drie persone uit die geledere van die ondersteuningspersoneel van die Universiteit, wat kragtens die bepalings van die Reëls vir 'n termyn van drie jaar aangewys word;
 - (g) ses studente van die Universiteit, wat in ooreenstemming met die Reëls deur die studente van die Universiteit aangewys is, elk vir 'n termyn van een jaar;
 - (h) altesaam vier persone wat die burgerlike gemeenskap verteenwoordig van die verskillende plekke waar die Universiteit kampusse het kragtens die Reëls en in oorleg met die betrokke plaaslike owerhede vir 'n tydperk van drie jaar aangewys is;
 - (i) twee persone wat vir 'n tydperk van drie jaar deur die president van die konvokasie aangewys is; en
 - (j) nie meer nie as twee lede wat van tyd tot tyd deur die forum gekoöpteer word vir gespesialiseerde take in samehang met die funksies wat in paragraaf 25(1)(a)-(g) bedoel word.
- (2) Die voorsitter, ondervoorsitter en 'n uitvoerende komitee bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris word jaarliks op die eerste vergadering van die jaar uit die geledere van die lede bedoel in subparagraaf (1)(c) tot (j) verkies.

- (3) Die lede bedoel in subparagraaf (1)(c) tot (j) moet aangewys word met sensitiwiteit vir –
 - (a) geslag en ras, en
 - (b) die aard van die Universiteit, met inbegrip van die bestaan van meer as een kampus van die Universiteit.
- (4) 'n Persoon mag vir 'n onbepaalde getal opeenvolgende termyne in die forum dien.
- (5) Lidmaatskap van die forum word beëindig indien die betrokke lid
 - (a) skriftelik by die voorsitter van die forum bedank;
 - (b) van drie opeenvolgende gewone vergaderings van die forum afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid van die vergaderings vooraf aangebied en deur die forum aanvaar is;
 - (c) deur 'n geregshof insolvent verklaar word;
 - (d) deur 'n geregshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat, volgens die uitsluitlike oordeel van die forum, van so 'n ernstige aard is dat dit nie wenslik is dat sodanige lidmaatskap moet voortduur nie;
 - (e) onbekwaam word om die pligte van 'n lid van die forum te vervul, of
 - (f) ophou om 'n lid te wees van die liggaam wat die persoon aangewys of verkies het.

Funksies

- 25. (1) Die forum adviseer die raad oor –
 - (a) die implementering van die Wet en nasionale hoëronderrysbeleid;

- (b) die aanwys van kandidate vir aanstelling as visekanselier en lede van die institusionele bestuurskomitee soos in paragraaf 1(v) en 70 van hierdie Statuut bedoel, in ooreenstemming met die Reëls;
 - (c) beleid oor rasse- en geslagsgelykheid;
 - (d) gedragskodes;
 - (e) die formulering van beleid oor prosedures vir bemiddeling en geskilbeslegting;
 - (f) die bestuur van kulturele verskeidenheid op die kampusse; en
 - (g) die aanmoediging en uitbouing van 'n institusionele kultuur wat verdraagsaamheid en respek vir basiese menseregte bevorder en wat 'n geskikte omgewing vir onderrig, leer, navorsing en studie skep.
- (2) Behoudens subparagraaf (1) verrig die forum sodanige werksaamhede as wat die raad van tyd tot tyd aan die forum opdra.
 - (3) Die forum vergader minstens vier maal per jaar, op 'n tyd en plek soos deur die forum kragtens hul reëls bepaal.

Komitees en substrukture

- 26. (1) Die forum kan substrukture en tegniese en vaste komitees tot stand bring onder voorsitterskap van 'n lid van die forum waarin belanghebbendes wat nie lede van die forum is nie, gekoöpteer kan word.
- (2) Die forum se substrukture, tegniese en vaste komitees funksioneer onder beheer en ter ondersteuning van die werksaamhede van die forum.

Reëls van forum

- 27. (1) Die forum aanvaar sy reëls met die steun van twee-derdes van al

die lede.

- (2) Die raad verleen erkenning aan die reëls van die forum deur dit goed te keur en by die Reëls te laat insluit.

Administrasie en bedryfskoste

- 28.** (1) Die raad moet redelike voorsiening vir die sekretariële en administratiewe dienste maak wat die forum vereis.
- (2) Die raad moet jaarliks 'n redelike bedrag voorsien wat nodig is vir die bedryf van die forum, volgens 'n begroting wat deur die forum ingedien word.

IVSR EN KAMPUS-VSR'e

Erkenning en grondwet

- 29.** (1) Die institusionele verteenwoordigende studenteraad word deur die raad tot stand gebring, met inagneming van die advies van die senaat, deur die grondwet en reëls van die IVSR goed te keur.
- (2) Die IVSR wat kragtens subparagraaf (1) tot stand gebring is, word saamgestel en moet funksioneer ooreenkomstig die grondwet en reëls daarvan.
- (3) Die grondwet van die IVSR kan deur die raad op versoek van die IVSR gewysig word, na inagneming van die advies van die senaat.
- (4) Die IVSR wat kragtens subparagraaf (1) tot stand gebring is, sal gesetel wees waar die setel van die Noordwes Universiteit tot stand gebring word.
- (5) 'n Kampus-VSR word deur die IVSR tot stand gebring deur goedkeuring van die betrokke kampus-VSR se huishoudelike reëls, na inagneming van die advies van die betrokke vaste kampussenaatskomitee.
- (6) 'n Kampus-VSR wat kragtens subparagraaf (5) tot stand gebring is, moet kragtens die goedgekeurde huishoudelike reëls daarvan saamgestel word en funksioneer.

- (7) Die voorsitter van 'n kampus-VSR moet die huishoudelike reëls van sodanige kampus-VSR en enige voorgestelde wysiging daarvan aan die IVSR voorlê tesame met die advies van die betrokke vaste kampussenaatskomitee, na oorleg met die kampusrektor en die visekanselier.

Wersaamhede en funksies

- 30.** (1) Die IVSR doen verantwoording aan die visekanselier en die raad wat betref die beheer van die georganiseerde studentelewe binne die Universiteit, en ten einde dit te bereik:
- (a) ontwikkel hulle beleid en stel standarde vir die bestuur van studentebedryghede op die kampusse van die Universiteit, en verkry aanvaarding daarvan deur die senaat en raad van die Universiteit;
 - (b) erken hulle kampus-VSR'e, moniteer hul voldoening aan die beleid en standarde wat deur die raad vir die georganiseerde studentelewe gestel word en adviseer die betrokke rektore en visekanselier ten opsigte daarvan;
 - (c) verskaf hulle finansiële steun en beding fasiliteite vir die kampus-VSR'e om hul mandate te vervul;
 - (d) staan hulle die kampus-VSR'e by om toegang te verkry tot bykomende befondsing ten einde behoorlike dienste aan die studente op hul kampusse te lewer, waar ook al moontlik;
 - (e) gee hulle advies aan die kampus-VSR'e oor hul funksionering en adviseer hulle die betrokke kampusrektore en lig hulle die betrokke vaste kampussenaatskomitee in oor sodanige funksionering;
 - (f) ken hulle kleure en erekleure toe vir uitstaande prestasie in die sfeer van georganiseerde studentelewe, in ooreenstemming met die Reëls;

(g) skakel hulle met verteenwoordigende studenterade van ander hoërondewysinstellings om die gemeenskaplike belang van studente binne die georganiseerde studentelewe te bevorder; en

(h) wys hulle lede aan om die standpunte van studente in die raad, senaat, forum en ander strukture van die Universiteit te stel, soos daarvoor in hierdie Statuut en die Reëls voorsiening gemaak word.

(2) 'n Kampus-VSR –

(a) bestuur die georganiseerde studentelewe op die betrokke kampus om behulpsaam te wees met die verwesenliking van die visie van die Universiteit wat betref die akademie, kultuur, sport, koshuise en ander toepaslike velde;

(b) is aanspreeklik vir die bestuursfunksies bedoel in subparagraaf (a) en mag vir hierdie doel bekleed word met die gesag om enige spesifieke aangeleentheid af te handel;

(c) kan op die kampusvlak beskermheerskap registreer of dit verleen aan ander studenteliggame en beheer oor sodanige liggame uitoefen; en

(d) handhaaf dissipline oor studente kragtens die toepaslike voorskrifte wat in hierdie Statuut, die Reëls en die grondwet van die IVSR vervat is.

Samestelling en lidmaatskap van verteenwoordigende studenterade

31. (1) Die IVSR bestaan uit lede van die verskillende kampus-VSR'e wat deur hierdie kampus-VSR'e kragtens die Reëls aangewys word.

(2) Die voorsitter en ander ampsdraers van die IVSR moet uit die lede daarvan aangewys word op die wyse wat die Reëls bepaal.

(3) Besluitneming van die IVSR is deur konsensus, ingevolge die Reëls.

- (4) Kampus-VSR'e word jaarliks op die onderskeie kampusse in ooreenstemming met die IVSR-grondwet en betrokke kampus-VSR se huishoudelike reëls saamgestel en verkies.
- (5) Indien 'n vakature in die IVSR of 'n kampus-VSR ontstaan, word dit in ooreenstemming met die bepalings van die IVSR-grondwet en die betrokke kampus-VSR se huishoudelike reëls gevul.

Beëindiging van lidmaatskap van die IVSR of kampus-VSR

32. Lidmaatskap van die IVSR of 'n kampus-VSR word beëindig indien die betrokke lid:

- (1) skriftelik by die voorsitter van die IVSR of betrokke kampus-VSR bedank;
- (2) van drie agtereenvolgende gewone vergaderings van die IVSR of kampus-VSR afwesig is sonder dat verskoning vir afwesigheid vooraf aangebied en deur die IVSR of kampus-VSR aanvaar is;
- (3) deur 'n geregshof insolvent verklaar word;
- (4) deur 'n geregshof skuldig bevind word aan 'n misdryf wat, volgens die oordeel van die raad, na oorleg met die IVSR of betrokke kampus-VSR, van so 'n ernstige aard is dat dit nie gewens is dat sodanige lidmaatskap voortgesit moet word nie;
- (5) onbekwaam word om die ampspligte van 'n lid van die IVSR of betrokke kampus-VSR te vervul;
- (6) 'n lid is uit hoofde van die persoon se lidmaatskap van 'n substudenteraad of gepatroneerde komitee van 'n kampus-VSR en ophou om 'n lid te wees van die substudenteraad of gepatroneerde komitee wat die persoon aangewys of verkies het;
- (7) in dissiplinêre stappe teen die lid deur die IVSR of kampus-VSR skuldig bevind word aan onbetaamlike of wanordelike gedrag en die lidmaatskap beëindig word; en

- (8) ophou om 'n student van die universiteit te wees.

KONVOKASIE EN ALUMNIVERENIGING

Doel en struktuur van die konvokasie

33. (1) Die konvokasie skakel die lede van die konvokasie op 'n lewenslange grondslag aan die Universiteit, tot die voortgesette wedersydse voordeel van die Universiteit, sodanige lede en toekomstige lede van die konvokasie.

(2) Die konvokasie kan eie strukture tot stand bring kragtens die grondwet daarvan of kan geskikte strukturele reëlins met ander liggame binne of buite die Universiteit aangaan om hul doelwitte te bereik.

Doelstellings van die konvokasie

34. (1) Die konvokasie se belangrikste doelstelling is om wedersyds voordelige verwantskappe tussen die Universiteit en die alumni daarvan te vestig en verder te ontwikkel ten einde die welsyn van die Universiteit en toekomstige konvokasielede te bevorder.

(2) Ander doelstellings is:

(a) Om lede van die raad kragtens paragraaf 38 van hierdie Statuut aan te wys;

(b) Om nougeset saam te werk met en steun te verleen aan ander universiteitstrukture wat fokus op die bevordering van professionele, opvoedkundige, maatskaplike en ander verwantskappe tussen alumni en die Universiteit, en tussen groepe alumni onderling;

(c) Om te vergader en enige aangeleentheid binne die sfeer van bevoegdheid van die Universiteit te bespreek en enige besluit aan die Universiteit se bestuursowerhede of die breër publiek deur te gee;

(d) om 'n databasis van lede in stand te hou ten einde kommunikasie en inligtingsverspreiding tussen lede en die

Universiteit te verbeter, en om die kiesersrol vir die verkiesing van raadslede uit te maak.

Lidmaatskap en stemreg

35. (1) Elke gegradueerde van die Universiteit of die voorgangers daarvan kwalifiseer vir lidmaatskap van die konvokasie, om genomineer te word om 'n lid van die raad te word en om te stem in 'n verkiesing van raadslede, in ooreenstemming met paragraaf 38.

(2) Elke gediplomeerde en elke permanente personeellid, tans of in die verlede, van die Universiteit of die voorgangers daarvan kwalifiseer vir lidmaatskap van die konvokasie kragtens subparagraaf (3).

(3) Die konvokasie kan tipes lidmaatskap omskryf buiten dié wat in subparagraaf (1) bedoel word en, in die grondwet van die konvokasie, die regte en voorregte met betrekking tot sodanige ander tipes lidmaatskap bepaal.

(4) 'n Lid van die konvokasie is daarop geregtig om deel te neem aan die verrigtinge en werksaamhede van die konvokasie en om te stem in 'n verkiesing indien:

- (a) die lid se persoonlike besonderhede, geldige posadres en sodanige ander kommunikasiekanale wat van tyd tot tyd kragtens die reëls bepaal word, aan die sekretaris van die konvokasie voorsien is;
- (b) die lid die voorgeskrewe lidmaatskappgeld soos bepaal deur die raad op aanbeveling van die konvokasie in 'n rekening van die Konvokasie van die Noordwes Universiteit betaal het; en
- (c) die lid die reg of voorreg het om deel te neem aan die spesifieke verrigting, aktiwiteit of verkiesing kragtens daardie lid se tipe lidmaatskap, soos in die konvokasierol weerspieël.

(5) Indien 'n verkiesing moet plaasvind, word die konvokasierol gesluit vanaf die laaste datum waarop stembriewe uitgestuur word tot en met die dag van die verkiesing.

President en uitvoerende komitee

36. (1) Die konvokasie kies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n president van die konvokasie, wat die amp beklee vir 'n termyn van drie jaar vanaf die sluiting van die vergadering waarop die verkiesing plaasvind.

(2) Indien daar nie in die derde jaar van die ampstermyn van die president 'n vergadering van die konvokasie gehou word nie, word die ampstermyn van die president verleng tot na afloop van die eersvolgende vergadering van die konvokasie.

(3) Die president is die voorsitter van alle vergaderings van die konvokasie.

(4) Die konvokasie kies uit eie geledere op 'n algemene vergadering 'n visepresident en, behoudens paragraaf 59(2) van hierdie statuut, sodanige ander amptenare in die uitvoerende komitee daarvan as wat die grondwet van die konvokasie bepaal.

(5) Die president kan van tyd tot tyd aanbeveel dat die konvokasie komitees tot stand bring en kan lede in sodanige komitees benoem wat vir die uitvoering van bepaalde werksaamhede van die konvokasie dienstig kan wees.

Vergaderings

37. (1) 'n Algemene vergadering moet minstens een maal elke drie jaar deur die president by die setel van die Universiteit belê word of op sodanige ander plek as wat die president bepaal, met inagneming van die multikampus aard van die Universiteit.

(2) Die tipes vergaderings, reëls vir die belê daarvan, kworumvereistes, agendas en vergaderingprosedure vir vergaderings van

die konvokasie en die uitvoerende komitee van die konvokasie moet deur die grondwet van die konvokasie bepaal word.

(3) Gesamentlike vergaderings van die konvokasie en enige ander Universiteitstruktuur verantwoordelik vir skakeling van individuele oudstudente of groepe oudstudente kan op enige tydstip in oorleg met die uitvoerende komitee van die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit gehou word.

(4) 'n Vergadering van die konvokasie kan enige aangeleentheid bespreek wat die Universiteit raak, met inbegrip van sake wat die raad na die konvokasie vir advies verwys, en kan die standpunt van die vergadering aan die raad oordra.

(5) 'n Afskrif van die besluite van die konvokasie, en 'n kennisgewing van sodanige ander aangeleenthede wat deur die konvokasie bepaal word, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gewaarmerk, moet aan die voorsitter van die raad ter inligting van die raad en aan die visekanselier ter inligting van die senaat gestuur word.

Verkiesing van raadslede

38. (1) Wanneer die konvokasie 'n lid van die raad moet kies, stel die sekretaris die president hiervan in kennis en gee op enige geskikte wyse aan elke stemgeregtigde lid kennis dat skriftelike nominasies van kwalifiserende persone kragtens paragraaf 35(1) vir die vakature verlang word op die voorgeskrewe vorm wat by die sekretaris verkrygbaar is, en dat elke nominasie deur minstens vyf stemgeregtigde lede en deur die genomineerde onderteken moet wees.

(2) In die geval van 'n vakature weens tydsverloop word kennis minstens drie maande voor die verstryking van die ampstermyn kragtens subparagraaf (1) gegee.

(3) Nominasies moet binne ses weke na die datum van die kennisgewing by die sekretaris ingedien word.

- (4) Indien die getal genomineerdes nie groter is as die getal persone wat verkies moet word nie, word die genomineerdes onmiddellik as behoorlik verkose verklaar.
- (5) Indien meer persone genomineer word as wat verkies moet word, pos die sekretaris so gou doenlik na die sluitingsdatum vir nominasies of stel op enige ander geskikte wyse aan elke stemgeregtigde lid 'n stembrief beskikbaar met die name van die kandidate in alfabetiese volgorde daarop.
- (6) Stembriewe moet teruggestuur word sodat dit die sekretaris bereik voor of op die datum wat op die stembrief aangedui word, wat nie vroeër as een-en-twintig dae na die datum van uitreiking van die stembrief mag wees nie.
- (7) 'n Stembrief wat nie ooreenkomstig die opdragte daarop ingevul is nie of wat die sekretaris na die aangeduide datum bereik, is ongeldig.
- (8) By 'n verkiesing tree die sekretaris as kiesbeampte op, bygestaan deur twee stemopnemers wat deur die president benoem word.

Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit

Erkenning, grondwet en lidmaatskap

- 39.** (1) Die raad van die Universiteit kan erkenning verleen aan 'n vereniging van oudstudekte van die Universiteit, genaamd die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit, wat deur die konvokasie kragtens paragraaf 33 tot stand gebring is.
- (2) Elke persoon wat 'n graad of diploma van die Universiteit of die voorgangers daarvan verwerf het, is 'n lid van die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit en moet, ten einde sodanige lidmaatskap te behou, die sekretaris van die vereniging behoorlik omtrent enige adresverandering in kennis stel.

(3) Die gade van 'n lid van die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit en 'n individuele donateur van die Universiteit wat nie 'n graad of diploma van die Universiteit verwerf het nie, kan by aansoek, volgens die voorskrifte van die grondwet van die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit, assosiaatlidmaatskap verkry.

(4) 'n Assosiaatlid het dieselfde regte en voorregte as ander lede.

(5) Die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit kan verskillende afdelings onder die oudstudente tot stand bring of erken op die grondslag van streek-, professionele, historiese, akademiese of residensiële kohorte, sport, maatskaplike of kulturele groeperings, of saamgegroepeer op enige ander wyse wat die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit die beste in staat stel om te verseker dat die Universiteit daardeur behoorlik vir die verskillende kategorieë alumni voorsiening maak.

(6) Elke groepering van oudstudente wat as sodanig deur die Alumnivereniging van die Noordwes Universiteit erken word, mag 'n eie grondwet en eie reëlings hê om te verseker dat die Universiteit en die oudstudente hul kontak tot die wedersydse voordeel van die Universiteit en die oudstudente kan behou.

SKENKERS

Erkenning en lys

40. (1) Die raad erken as skenkers persone wat gedurende die voorafgaande twee jaar bedrae aan die Universiteit geskenk het wat die raad as beduidend beskou, of wat ander beduidende bydraes gelewer het om die missie van die Universiteit te bevorder.

(2) Individuele skenkers of groepe skenkers kan van tyd tot tyd geraadpleeg word deur of advies bied aan die visekanselier oor enige aangeleentheid wat op die Universiteit betrekking het, en kan te dien effekte 'n raad van skenkers tot stand bring van nie meer nie as tien lede wat deur die skenkers uit eie geledere aangewys is in ooreenstemming

met die bepalings van die reëls en drie lede deur die raad van die Universiteit vanuit die geledere van die Universiteit aangewys.

(3) Die raad van skenkers verkies 'n voorsitter vanuit hul eie geledere.

(4) Die raad van skenkers wys 'n sekretaris aan, wat nie 'n skenker hoef te wees nie.

(5) Die sekretaris van die raad van skenkers hou 'n amptelike lys in stand van die skenkers van die Universiteit waarop die naam en posadres verskyn van elke skenker wat deur die raad van die Universiteit erken word.

(6) Op enige gegewe tydstip dien die lys van skenkers as afdoende bewys van die name en adresse van persone wat daarop geregtig is om deel te neem aan die aanwysing van 'n lid van die raad soos in paragraaf 4(1)(h) bedoel.

Verkiesing van lid van raad

41. (1) Wanneer die skenkers 'n lid van die raad moet verkies, gee die institusionele registrateur skriftelik kennis aan die voorsitter van die raad van skenkers dat sodanige lid verkies moet word.

(2) In die geval van 'n vakature wat deur tydsverloop ontstaan, moet kennis ooreenkomstig subparagraaf (1) nie minder nie as drie maande voor die verval van die ampstermyn gegee word.

(3) Die raad van skenkers verkies die persone in paragraaf 31(1)(h) bedoel binne 30 dae nadat kennis van die vakature ingevolge subparagraaf (1) gegee is.

HOOFSTUK 3

AMPSDRAERS VAN UNIVERSITEIT

KANSELIER

Ampspligte

42. Die kanselier is die titulêre hoof van die Universiteit en ken alle grade in die naam van die Universiteit toe.

Voorvereistes

43. 'n Kandidaat vir die amp van kanselier moet 'n geskikte en behoorlike persoon wees wat in staat is om die Universiteit te verteenwoordig.

Verkiesing

44. (1) 'n Kandidaat vir die kanseliersamp mag genomineer word deur enige persoon uit die kategorieë van persone wat in die forum verteenwoordig is, op die voorgeskrewe nominasievorm vir die voorstelling van 'n kandidaat vir die kanselierskap van die Universiteit, met dien verstande dat geen persoon op meer as een nominasievorm mag teken nie, hetsy in die hoedanigheid van die voorsteller of as 'n sekondant.

(2) 'n Nominasievorm moet deur die voorsteller en minstens vyf sekondante onderteken word, sowel as die genomineerde, en moet by die sekretaris van die raad ingedien word, wat 'n lys opstel van al die nominasies wat ontvang is en daardie lys voor 'n spesiale raadskomitee lê op die wyse wat die raad daarvoor bepaal.

(3) Die raadskomitee lê nie meer as drie nominasies uit die lys vir 'n besluit aan die raad voor nie.

(4) Die raad mag name by die lys van nominasies voeg wat aan die raad voorgelê word kragtens subparagraaf (3).

(5) Minstens tien dae voor die vergadering waarop die verkiesing sal plaasvind, lig die sekretaris van die raad elke lid van die raad in omtrent alle nominasies wat kragtens subparagraaf (2), (3) en (4) ontvang is.

(6) Die kanselier word verkies in 'n geheime stemming deur 'n meerderheid van stemme van lede van die raad wat teenwoordig is op 'n gewone vergadering of op 'n vergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is.

Ampstermyn

45. (1) Die ampstermyn van die kanselier is vyf jaar, behalwe indien die bekleër van die amp voor die verstryking van die termyn te sterwe kom, uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (2) 'n Ampsbekledende kanselier kwalifiseer slegs vir 'n tweede termyn vir herkiesing.

Ontruiming van amp

46. Die raad kan die kanselier deur 'n stemming met 'n meerderheid van tweederdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.

Vul van vakature

47. (1) Minstens vier weke voordat die kanseliersamp deur tydsverloop vakant raak, stel die sekretaris van die raad elke lid van die raad daarvan in kennis, en die raad kies so gou moontlik 'n nuwe kanselier in ooreenstemming met paragraaf 44..
- (2) Indien die amp van kanselier as gevolg van sterfte, bedanking of ontheffing vakant raak, stel die sekretaris van die raad elke lid van die raad van die vakature in kennis en kies die raad so gou doenlik 'n nuwe kanselier kragtens paragraaf 44.

WISEKANSELIER

Ampspligte

48. (1) Die visekanselier is die hoof uitvoerende en rekenpligtige beampte verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die Universiteit.
- (2) Die visekanselier mag uit hoofde van daardie amp enige ampsplig van die kanselier uitoefen wanneer die amp van kanselier vakant is of die kanselier afwesig is.
- (3) Die visekanselier mag enige van die pligte, funksies en magte verbonde aan die amp aan 'n lid van die institusionele bestuurskomitee of aan enige ander geskikte persoon delegeer.

(4) Met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan die amp is die visekanselier teenoor die raad aanspreeklik.

(5) Die visekanselier is ampshalwe 'n lid van alle komitees van die raad en senaat.

Voorvereistes

49. Die kandidaat vir die amp van visekanselier moet 'n geskikte en behoorlike persoon wees wat in staat is om die Universiteit te verteenwoordig.

Aanstelling

50. (1) Die visekanselier word aangestel deur die raad nadat die prosedures gevolg is wat in die Reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die senaat en forum en die evaluering soos in die Reëls voorgeskryf.

(2) Indien die raad nie eenparig oor die aanstelling is nie, word 'n geheime stemming gehou, waarvan die uitslag deur 'n meerderheid van die lede teenwoordig bepaal word.

Ampstermyn

51. Die ampstermyn van die visekanselier word deur die raad bepaal na oorleg met die ampsbeker en word kontraktueel vasgestel, en dit moet nie minder as drie jaar en nie meer as sewe jaar wees nie.

Ontruiming van amp

52. (1) Die ampstermyn van die visekanselier verstryk voor die afloop daarvan indien die ampsbeker te sterwe kom, uit die amp bedank of uit die amp onthef word.

(2) 'n Visekanselier wie se ampstermyn deur tydsverloop verstryk, kan vir een verdere termyn aangestel word.

(3) Die raad kan die visekanselier deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee-derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.

Vul van vakature

53. (1) Minstens drie maande voordat die amp van visekanselier deur tydsverloop vakant raak, stel die sekretaris van die raad die lede van die raad, die senaat en die forum dienooreenkomstig in kennis.

(2) Indien die visekanseliersamp weens dood, bedanking of ontheffing vakant raak, stel die sekretaris van die raad die lede van die raad, die senaat en die forum van die vakature in kennis, en die raad stel so gou doenlik 'n nuwe visekanselier kragtens paragraaf 50 aan.

Waarnemende visekanselier

54. (1) In die afwesigheid van die visekanselier of terwyl die visekanseliersamp vakant is, tree die adjunkhoof as waarnemende visekanselier op.

(2) Indien die adjunkhoof nie as waarnemende visekanselier kan optree nie, tree 'n ander persoon wat kragtens paragraaf 56 aangewys is as waarnemende visekanselier op.

(3) 'n Waarnemende visekanselier is bekleed met alle verantwoordelikhede, gesag en funksies verbode aan die visekanseliersamp en is teenoor die visekanselier, indien toepaslik, en die raad aanspreeklik.

(4) 'n Waarnemende visekanselier hou op om as visekanselier waar te neem sodra die aangestelde visekanselier die ampsverantwoordelikhede opneem.

ADJUNKHOOF

Ampspligte

55. (1) Daar is 'n adjunkhoof van die Universiteit soos in artikel 26(2)(d) van die Wet bedoel wat in die afwesigheid van die visekanselier of terwyl die amp van visekanselier vakant is as visekanselier optree.

(2) Die visekanselier kan spesifieke verantwoordelikhede en bestuurs-, administratiewe en toesighoudende pligte aan die adjunkhoof opdra.

Aanstelling, ampstermyn, ontruiming van amp en vul van vakatures

56. Die adjunkhoof word aangestel deur die raad nadat die prosedures gevolg is wat in die Reëls voorgeskryf word met betrekking tot oorlegpleging met die visekanselier, senaat en forum en die evaluering soos in die Reëls voorgeskryf.

KAMPUSREKTORE

Ampspligte

18. (1) Daar is 'n kampusrektor as die hoof van elke kampus en vir enige verdere situasie wat die raad kan bepaal, aan wie die visekanselier spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan toevertrou.
- (2) 'n Kampusrektor doen verantwoording aan die visekanselier of 'n persoon wat vir daardie doel deur die visekanselier aangewys is.

Aanstelling, ampstermyn, ontruiming van amp en vul van vakatures

58. (1) Die kampusrektore word deur die raad aangestel nadat die prosedure soos voorgeskryf in die Reëls betreffende oorleg met die visekanselier, die senaat (wat die advies van die betrokke vaste kampussenaatskomitee in ag moet neem) en die forum gevolg is en die evaluering gedoen is soos wat in die Reëls voorgeskryf word.
- (2) Die ampstermyn van 'n kampusrektor word deur die raad na oorleg met die ampsbeker bepaal en kontraktueel vasgelê.
- (3) Die ampstermyn van 'n kampusrektor verstryk voor die afloop daarvan indien die ampsbeker te sterwe kom, uit die amp bedank of uit die amp onthef word.
- (4) Die raad kan 'n kampusrektor deur 'n stemming met 'n meerderheid van twee-derdes van al die lede van die raad uit die amp onthef.
- (5) Minstens drie maande voor die amp van kampusrektor deur tydsverloop verstryk, stel die sekretaris van die raad die lede van die raad, die senaat en die forum dienooreenkomstig in kennis en die raad stel so

gou doenlik 'n nuwe kampusrektor van daardie kampus kragtens subparagraaf (1) aan.

(6) Indien die amp van 'n kampusrektor weens dood, bedanking of ontheffing vakant raak, stel die sekretaris van die raad die lede van die raad, die senaat en die forum van die vakature in kennis, en die raad stel so gou doenlik 'n nuwe kampusrektor van daardie kampus kragtens subparagraaf (1) aan.

INSTITUSIONELE REGISTRATEUR EN INSTITUSIONELE DIREKTEURE

Ampspligte

59. (1) Daar moet 'n institusionele registrateur wees aan wie die raad besondere verantwoordelikhede en pligte kan oplê en aan wie die visekanselier spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan toevertrou.

(2) Die institusionele registrateur is die sekretaris van die raad, sekretaris van die senaat en sekretaris van die konvokasie en kan as sodanig aan die samesprekings van die raad, senaat en konvokasie deelneem, maar mag nie in die raad stem nie.

(3) Daar is een of meer institusionele direkteure aan wie die visekanselier spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan toevertrou.

(4) Met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan hul amp doen die institusionele registrateur en elke institusionele direkteur aan die visekanselier verantwoording ten einde deur toepaslike beleid, standaarde, Reëls en prosedures te verseker dat toereikende samehang en sinergie regdeur die Universiteit en al die kampusse en aktiwiteite daarvan gehandhaaf word, om die doelwitte waaroor daar vir die Universiteit ooreengekom is te verwesenlik.

Aanstelling

- 60.** (1) Die institusionele registrateur en elke institusionele direkteur word by wyse van 'n besluit van die meerderheid van die raad aangestel nadat die prosedure soos voorgeskryf in die Reëls betreffende oorleg met die visekanselier, die senaat en die forum gevolg is en die evaluering gedoen is soos wat in die Reëls voorgeskryf word, met dien verstande dat sodanige aanstelling binne die toepaslike begroting en in ooreenstemming met die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit plaasvind.
- (2) Gedurende die tydelike afwesigheid van die institusionele registrateur of 'n institusionele direkteur wys die visekanselier 'n ander geskikte persoon aan om die funksies verbonde aan die amp te vervul.

KAMPUSVISEREKTORE

Ampspligte

- 61.** (1) Daar kan 'n maksimum van twee kampusviserektore per kampus wees aan wie die betrokke kampusrektor besondere verantwoordelikhede en pligte kan opdra, insluitende spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies ten opsigte van daardie kampus.
- (2) Met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan die amp doen 'n kampusviserektor aan die betrokke kampusrektor verantwoording.

Aanstelling

- 62.** (1) 'n Kampusviserektor word deur die visekanselier aangestel nadat die oorleg- en evalueringsprosedure gevolg is waarby die toepaslike kampusrektor, vaste kampussenaatskomitee en kampuslede van die forum betrokke is, soos voorgeskryf in die Reëls, met dien verstande dat sodanige aanstelling binne die toepaslike begroting en in ooreenstemming met die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit plaasvind.
- (2) In die tydelike afwesigheid van 'n kampusviserektor wys die visekanselier na oorleg met die betrokke kampusrektor 'n ander geskikte persoon aan om die funksies verbonde aan die amp te vervul.

KAMPUSREGISTRATEURS EN KAMPUSDIREKTEURE

Ampspligte

- 63.** (1) Daar kan 'n kampusregistrator en een of meer kampusdirekteure per kampus wees aan wie die visekanselier besondere verantwoordelikhede en pligte kan opdra en aan wie 'n kampusrektor spesifieke bestuurs-, administratiewe en toesighoudende funksies kan toevertrou ten opsigte van ondersteuningsfunksies wat op daardie kampus uitgevoer word.
- (2) Met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan die amp doen die kampusregistrator en 'n kampusdirekteur aan die betrokke kampusrektor verantwoording, om hul onderskeie pligte ooreenkomstig die beleid en die Reëls te vervul.

Aanstelling

- 64.** (1) 'n Kampusregistrator en kampusdirekteur word deur die visekanselier aangestel nadat die oorleg- en evalueringsprosedure gevolg is waarby die toepaslike kampusrektor, vaste kampussenaatskomitee en kampuslede van die forum betrokke is, soos voorgeskryf in die Reëls, met dien verstande dat sodanige aanstelling binne die toepaslike begroting en in ooreenstemming met die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit plaasvind.
- (2) Gedurende die tydelike afwesigheid van die kampusregistrator of 'n kampusdirekteur wys die visekanselier na oorleg met die betrokke kampusrektor 'n ander geskikte persoon aan om die funksies verbonde aan die amp te vervul.

DEKANE

Dekane

- 65.** (1) 'n Kampusrektor kan 'n dekaan in elke fakulteit op die betrokke kampus aanstel nadat die oorleg- en evalueringsprosedure gevolg is, soos voorgeskryf in die Reëls, waarby die toepaslike kampusviserektor, indien so 'n persoon aangestel is, die betrokke fakulteitsraad, vaste

kampussenaatskomitee en kampuslede van die forum betrokke is, met dien verstande dat indien geen kampusviserektor aangestel is nie, die visekanselier sodanige dekaan moet aanstel op advies van die kampusrektor, benewens die bogenoemde strukture, en met dien verstande voorts dat sodanige aanstelling binne die toepaslike begroting en in ooreenstemming met die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit plaasvind.

(2) Gedurende die tydelike afwesigheid van 'n dekaan wys die betrokke kampusrektor na oorleg met die betrokke fakulteitsraad in oorleg met 'n viserektor van daardie kampus of, in die geval waar geen viserektor aangestel is nie, in oorleg met die visekanselier 'n ander geskikte persoon aan om die funksies verbonde aan die amp te vervul.

Verantwoordelikheid

66. (1) 'n Dekaan tree op as die uitvoerende hoof van die fakulteit en is verantwoordelik vir die bestuur en administrasie van die fakulteit.

(2) Met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan die amp doen 'n dekaan aan die betrokke kampusrektor verantwoording, of indien geen rektor aangestel is nie, aan die persoon wat die visekanselier kragtens paragraaf 48(3) aanwys.

AKADEMIESE DIREKTEURE

Akademiese direkteure

67. (1) 'n Akademiese direkteur, wat vir die bestuur en administrasie van sodanige akademiese afdeling verantwoordelik is, kan deur die kampusrektor aangestel word in elk van die akademiese afdelings van 'n kampus nadat die oorleg- en evalueringsprosedure gevolg is, soos voorgeskryf in die Reëls, waarby die toepaslike dekaan, fakulteitsraad en viserektor, indien toepaslik, betrokke is, met dien verstande dat sodanige aanstelling binne die toepaslike begroting en in ooreenstemming met die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit plaasvind.

(2) Gedurende die tydelike afwesigheid van 'n akademiese direkteur

wys die dekaan 'n ander geskikte persoon aan om die funksies verbonde aan die amp te vervul.

Verantwoordelikheid

68. (1) 'n Akademiese direkteur doen, met betrekking tot die verantwoordelikhede verbonde aan die amp, aan die betrokke dekaan verantwoording.

(2) Indien geen dekaan aangestel is nie, doen 'n akademiese direkteur verantwoording aan 'n ander persoon wat deur die betrokke kampusrektor aangewys is.

INSTITUSIONELE BESTUURSKOMITEE

Funksies

69. Die institusionele bestuurskomitee staan die visekanselier by in die beplanning en uitvoering van die bestuur, administrasie van en toesighouding oor die Universiteit, in ooreenstemming met die geldende beleid en Reëls.

Samestelling en vergaderings

70. (1) Die institusionele bestuurskomitee staan onder die voorsitterskap van die visekanselier en sluit die adjunkhoof, kampusrektore, institusionele registrator en institusionele direkteure in.

(2) Enige personeellid van die Universiteit kan van tyd tot tyd deur die visekanselier vir 'n spesifieke doel of vergadering as 'n lid van die institusionele bestuurskomitee gekoöpteer word.

(3) Die Visekanselier belê die vergaderings en bepaal die werksaamhede daarvan.

KAMPUSBESTUURSKOMITEES

Funksies

- 71.** 'n Kampusbestuurskomitee staan 'n kampusrektor by in die beplanning en uitvoering van die bestuur en administrasie van en toesighouding oor 'n kampus van die Universiteit, in ooreenstemming met die beleid en reëls daargestel, gekontroleer en gekoördineer deur die institusionele bestuurskomitee en die toepaslike lede daarvan.

Samestelling en vergaderings

- 72.** (1) 'n Kampusbestuurskomitee bestaan uit die kampusrektor, viserektor of viserektore, kampusregistrator en sodanige ander lede van die bestuur van daardie kampus wat die kampusbestuurskomitee van tyd tot tyd kan bepaal.
- (2) Enige personeellid van die Universiteit kan van tyd tot tyd as 'n lid van die kampusbestuurskomitee vir 'n spesiale doel of vergadering gekoöpteer word.
- (3) Die kampusrektor belê die vergaderings, bepaal die werksaamhede en tree op as voorsitter van 'n kampusbestuurskomitee.

HOOFSTUK 4

PERSONEEL

Aanstelling

- 73.** (1) Die raad of die gedelegeerde daarvan kragtens paragraaf 3(5) stel personeel kragtens die personeelaanstellingsbeleid van die Universiteit en die bepalinge van die toepaslike dienskontrakte as akademiese of ondersteuningspersoneel aan, met dien verstande dat 'n akademiese personeellid slegs na oorleg met die betrokke kampusrektor, dekaan of akademiese direkteur op 'n permanente, termyn- of tydelike grondslag aangestel word.

- (2) Akademiese personeel kan ook op 'n termyngrondslag in emeritus-, ere-, buitengewone of geakkrediteerde hoedanigheid aangestel word.

Vergoeding

74. Die salarisse en enige ander vorm van vergoeding van personeel word bepaal deur die raad in ooreenstemming met die bepalings van die vergoedingsbeleid van die Universiteit, soos van tyd tot tyd gewysig.

Evaluering

75. Die personeel is aan deurlopende merietebepaling in ooreenstemming met die beleid en prosedures van die Universiteit onderworpe.

Tug

76. (1) Die personeel is onderworpe aan die tug van die raad ten opsigte van alle vorme van wangedrag of pligsversuim, soos vervat in die Reëls wat in die toepaslike dissiplinêre prosedures en kodes gepubliseer is.
- (2) Die tug van die raad word uitgeoefen in ooreenstemming met toepaslike wetgewing, en volgens die beleid en prosedures wat die raad van tyd tot tyd bepaal.

Vakbonde

77. (1) Die raad kan erkenningsooreenkomste met vakbonde sluit, waardeur erkenning aan sodanige vakbonde verleen word met die oog op samesprekings en onderhandelinge oor diensvoorwaardes en verwante aangeleenthede ooreenkomstig die toepaslike arbeidswetgewing.
- (2) Die raad kan, solank die betrokke vakbond of vakbonde toereikende steun in die betrokke werksplek geniet, die ooreenkomste oor diensvoorwaardes implementeer wat deur die bogenoemde onderhandelinge vir al die personeel in sodanige werksplek tot stand kom.

HOOFSTUK 5

STUDENTE EN KWALIFIKASIES

STUDENTE

Toelating en registrasie

- 78.** (1) 'n Persoon word slegs as 'n student van die Universiteit geregistreer indien sodanige persoon aan die vereistes voldoen wat regtens vir toelating tot studie aan die Universiteit gestel en in die Reëls gepubliseer word.
- (2) 'n Student word geregistreer vir een akademiese jaar of vir die korter tydperk wat die raad oor die algemeen of in 'n besondere geval bepaal.
- (3) Na verstryking van 'n akademiese jaar of die tydperk bedoel in subparagraaf (2) moet 'n student weer as student van die Universiteit registreer en ten opsigte van die hernude registrasie die gelde betaal wat van tyd tot tyd deur die raad voorgeskryf word ten einde met studie aan die Universiteit te kan voortgaan.
- (4) Die senaat kan die minimum getal studente vasstel wat vir 'n studieprogram geregistreer kan word en ook keuringstoetse of 'n bepaalde standaard van akademiese bekwaamheid as verdere toelatingsvereistes vir studie aan die Universiteit voorskryf.
- (5) Die raad kan voorwaardes vir die hernuwing van registrasie van 'n student stel, en kan weier om die registrasie van sodanige student toe te laat tensy daar aan sodanige voorwaardes voldoen word.

TUG

Tug op studentevlak

- 79.** (1) 'n Student is onderworpe aan die tugbepalings wat die raad neerlê, soos toegepas deur die tugliggame wat die raad kragtens paragraaf 81 en die Reëls daarmee belas.

(2) Die visekanselier rapporteer minstens een maal per jaar aan die senaat en die raad oor tugstappe wat sedert die vorige sodanige verslag gedoen is.

Oortredings

80. (1) 'n Student wie se optrede tot nadeel van die goeie naam, orde, dissipline of werkverrigting van die Universiteit of enige deel van die Universiteit, waaronder enige ampsdraer, ondersteuner, personeellid of student daarvan, strek of kan strek, is aan 'n oortreding skuldig en kan deur die raad of 'n ander toepaslike tugliggaam bedoel in paragraaf 81 daarvoor getug word.

(2) Oneerlike akademiese gedrag en optrede deur 'n student waardeur 'n ander persoon of groep persone op enige wyse onbillik geteister of vyandig of gewelddadig behandel word, is ernstige oortredings.

(3) Die oortreding van enige bepaling van hierdie Statuut, of die Reëls van die Universiteit of die bepalings van die grondwet of toepaslike reëls van 'n liggaam binne die Universiteit, of van 'n statutêre of gemeenregtelike regsreël kan 'n oortreding uitmaak soos in subparagraaf (1) hierbo bedoel .

Tugliggame

81. (1) Die visekanselier is die hooftugbeampte van die Universiteit.

(2) Die visekanselier kan hierdie amp skriftelik, met kennisgewing aan die raad en senaat, aan enige ander lid van die institusionele bestuurskomitee delegeer.

(3) Die visekanselier bepaal die vlak bedoel in subparagraaf (4) waarop klagtes wat aanhangig gemaak is, verhoor moet word, en, waar toepaslik, en met die uitsondering van 'n appèl teen 'n besluit geneem deur die visekanselier, die vlak waarop 'n appèl teen enige bevinding of vonnis van 'n tugliggaam aangehoor moet word.

(4) Die visekanselier bepaal, na oorleg met die senaat, die IVSR en die forum en, ooreenkomstig hierdie Statuut en die Reëls, die samestelling, prosedure en gesag van tugliggame op verskillende vlakke om tughandelinge ten opsigte van oortredings bedoel in paragraaf 80 te verrig en om aan die visekanselier verslag te doen oor sodanige stappe wat gedoen is.

(5) Dissiplinêre handeling ten opsigte van oortredings in paragraaf 80 bedoel, moet deur die visekanselier aan die senaat en die raad gerapporteer word, in ooreenstemming met paragraaf 79(2) en die Reëls.

Tugprosedures

82. (1) 'n Klagte oor gedrag in paragraaf 80 bedoel, word by die visekanselier of sy of haar gedelegeerde aanhangig gemaak vir verdere hantering kragtens die bepalings van die Reëls.

(2) 'n Student wat van 'n oortreding aangekla word, is geregtig op 'n billike verhoor deur die toepaslike tugliggaam, kragtens die prosedures wat in hierdie Statuut en die Reëls voorgeskryf word.

Strawwe

83. 'n Student wat skuldig bevind word aan 'n oortreding kan deur die toepaslike tugliggaam gevonnissen word tot enige van die strawwe wat in die Reëls uiteengesit word.

Appèl

84. 'n Student wat deur 'n tugliggaam kragtens hierdie Statuut skuldig bevind is, kan teen die skuldigbevinding of straf, of teen die skuldigbevinding sowel as die straf, by die toepaslike appèlliggaam appèl aanteken volgens die prosedure wat deur die Reëls voorgeskryf word.

KWALIFIKASIES

Vereistes

85. Die Universiteit ken die grade, diplomas en sertifikate toe waarop die Visekanselier van tyd tot tyd na oorleg met die senaat besluit, wat vir die

Universiteit kragtens die bepalings van die Wet goedgekeur, geakkrediteer en geregistreer is, en wat vervat is in die Reëls van die Universiteit wat in die jaarboek gepubliseer is.

Toekenning

86. (1) 'n Vergadering van die lede van die Universiteit, wat die kongregasie genoem word, word gehou met die doel om grade en diplomas toe te ken.

(2) 'n Kongregasie word byeengeroep op die wyse wat deur die raad voorgeskryf word, onder voorsitterskap van die kanselier of die visekanselier of, indien albei afwesig is, die adjunkhoof of 'n lid van die senaat.

(3) 'n Kongregasie word minstens een maal per jaar gehou op die tyd en plek wat die raad bepaal.

(4) 'n Graad mag aan geen persoon toegeken word nie tensy die senaat oortuig is dat daar aan al die vereistes vir so 'n graad voldoen is.

(5) 'n Persoon is nie op die voorregte van 'n graad geregtig voordat die graad by 'n kongregasie van die Universiteit toegeken is nie.

(6) 'n Graad kan ook in die afwesigheid van 'n gegradueerde of postuum toegeken word.

(7) 'n Amptelike graadsertifikaat word slegs een maal aan 'n gegradueerde uitgereik, en wel tydens 'n amptelike kongregasie van die Universiteit.

(8) Nieteenstaande subparagraaf (7), indien die graad in die afwesigheid van die gegradueerde toegeken is, kan sodanige amptelike sertifikaat op skriftelike versoek en na betaling van die vereiste bedrag per pos aan die student gestuur word.

(9) 'n Persoon is op die voorregte van 'n diploma geregtig sodra daar tot die tevredenheid van die senaat aan al die vereistes daarvoor voldoen is.

(10) 'n Amptelike diplomasertifikaat word slegs een maal uitgereik, en dit vind plaas tydens 'n amptelike kongregasie van die Universiteit.

(11) Nieteenstaande subparagraaf (10), indien die diploma in die afwesigheid van 'n gediplomeerde uitgereik is, kan sodanige amptelike diplomasertifikaat op skriftelike versoek en na betaling van die vereiste bedrag per pos aan die student gestuur word.

(12) Indien 'n student aan die vereistes vir 'n graad of diploma voldoen het en die graad of diploma nog nie toegeken of uitgereik is nie, of indien 'n amptelike graad- of diplomasertifikaat verlore geraak het, kan 'n dokument op die skriftelike versoek van die student en na betaling van die vereiste bedrag uitgereik word wat verklaar dat die student aan al die vereistes vir die graad of diploma voldoen het en dat dit op 'n sekere datum toegeken of uitgereik sal word, of dat dit reeds op 'n vorige datum uitgereik of toegeken is.

(13) 'n Amptelike volledige akademiese rekord, waarby 'n gedragssertifikaat ingesluit is, of bewys van vakke geslaag, kan te eniger tyd op die skriftelike versoek van 'n student en na betaling van die vereiste bedrag uitgereik word.

(14) Die prosedure vir die voorstel van die persone wat grade of diplomas sal ontvang, die toekenning van grade en diplomas in die afwesigheid van 'n student, akademiese drag en alle ander sake wat die kongregasie raak en waarvoor daar nie in hierdie Statuut voorsiening gemaak is nie, word deur die visekanselier bepaal.

(15) Sertifikate word in oorleg met die institusionele registrateur aan suksesvolle kandidate oorhandig in die formate, tydens die geleenthede en op die wyses wat vir daardie doel bepaal is deur die onderskeie afdelings van die Universiteit wat verantwoordelik vir die oorhandiging van sodanige sertifikate aan kandidate wat aan die gestelde vereistes voldoen het.

Eregrade

87. (1) 'n Voorstel vir die toekenning van 'n eregraad word skriftelik aan die visekanselier voorgelê deur 'n lid van die raad of die senaat voor of op 'n datum wat deur die raad op aanbeveling van die senaat bepaal is.
- (2) Die voorstel in subparagraaf (1) bedoel, moet vergesel gaan van 'n verklaring in die vereiste formaat waarin die redes vir die voorstel uiteengesit word.
- (3) Die visekanselier verwys so 'n voorstel na 'n komitee vir eretoekenings wat bestaan uit –
- (a) die visekanselier of 'n persoon deur die visekanselier genomineer;
 - (b) die voorsitter van die raad;
 - (c) twee lede van die raad;
 - (d) drie lede van die senaat aangewys deur die senaat; en
 - (e) die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n adviserende hoedanigheid.
- (4) Die visekanselier is die voorsitter van so 'n komitee, en in die afwesigheid van die visekanselier tree die adjunkhoof as voorsitter of.
- (5) 'n Aanbeveling van die komitee vir die toekenning van 'n eregraad word met opgawe van redes daarvoor regstreeks aan die senaat voorgelê, en daarna aan die raad.
- (6) Indien die komitee vir eretoekenings nie 'n aanbeveling maak nie, word geen redes daarvoor verstrek nie en word die wese van die saak nie deur hetsy die senaat of die raad bespreek nie.
- (7) Op 'n vergadering van die senaat en op 'n vergadering van die raad word daar slegs per geslote stembrief oor 'n aanbeveling van die komitee vir eretoekenings gestem.

(8) Geen eregraad word toegeken nie tensy die aanbeveling deur 'n meerderheid van die lede van die senaat en die raad goedgekeur word.

(9) Die finale beslissing oor die toekenning van 'n eregraad op aanbeveling van die senaat en die komitee vir eretoekennings berus by die raad, wat ook die amptelike redes bekragtig wat by die toekenning van die graad gestel word.

HOOFSTUK 6

ALGEMEEN

Reëls

88. Die Reëls word na goedkeuring daarvan deur die Raad in die jaarboek van die Universiteit gepubliseer en het regskrag.

Oorgangsbepalings

89. (1) Enigiets wat gedoen is ooreenkomstig enige bepaling van die Standaard Institusionele Statuut wat afgekondig is in Staatskoerant No. 23065, Goewermentskennisgewing No. 377 van 27 Maart 2002, soos gekorrigeer deur Staatskoerant No. 23448, Goewermentskennisgewing No. 724 van 23 Mei 2002 en gewysig deur Staatskoerant No. 25698, Goewermentskennisgewing No. 1647 van 7 November 2003, voordat hierdie Statuut in werking getree het, word geag ooreenkomstig die ooreenstemmende bepaling van hierdie Statuut gedoen te gewees het.

(2) Die raad, die senaat, die fakulteitsrade, die forum, die IVSR, kampus-VSR'e en die konvokasie wat bestaan het voor die inwerkingtrede van hierdie Statuut bestaan voort en vervul die funksies wat hulle vervul het voor sodanige inwerkingtrede, maar moet binne 12 maande na die inwerkingtrede van hierdie Statuut aan die bepalinge van hierdie Statuut voldoen.

(3) Die Reëls afgekondig deur die raad kragtens artikel 32(1)(b) van die Wet wat by die inwerkingtrede van hierdie Statuut bestaan, bly van krag totdat dit vervang word.

Wysiging van Statuut

- 90.** Geen voorstel vir die opstelling, wysiging of herroeping van 'n bepaling van hierdie Statuut word sonder skriftelike kennisgewing van minstens veertien dae gedoen nie, tensy 'n meerderheid van driekwart van die lede teenwoordig op 'n vergadering van die Raad ten gunste daarvan stem dat met sodanige voorafkennisgewing weggedoen word.

Herroeping van Statute wat voor die samesmelting van krag was

- 91.** (1) Die Statuut van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1998, gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. R1125 van 9 September 1998, word hiermee in die geheel herroep.
- (2) Die Statuut van die University of North-West, 1999, gepubliseer in Goewermentskennisgewing No. 20225 van 17 Junie 1999, word hiermee in die geheel herroep.